# Die Trotse en Soms Omstrede Geskiedenis van die PUK

**Elize S. van Eeden (redakteur), *"In U Lig": Die PU vir CHO van selfstandigwording tot samesmelting, 1951-2004***
Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, Potchefstroom, 2006
634 pp
ISBN 1 86822 466 X
R290.00

Sedert sy beskeie begin in 1869 in Burgersdorp, het die PUK ontwikkel tot een van die vyf grootste universiteite in die land. Die boeiende verhaal van die instelling se beginjare tot by sy onafhanklikwording in 1951, is deur professor Piet van der Schyff opgeteken en in 2003 onder die titel *Wonderdaad! Die PUK tot 1951: Wording, vestiging en selfstandigwording* gepubliseer. Onder redakteurskap van professor Elize van Eeden en met medewerkers van die kaliber van

professore Gert van den Bergh, Pieter de Klerk, Johann Tempelhoff, Kobus du Pisani, Gerhard Oosthuizen en doktor Pieter Möller is die verdere verloop van die trotse en soms omstrede geskiedenis van die PUK tot met die samesmelting met ander instansies in 2004 onder die oorkoepelende naam Noordwes-Universiteit, te boek gestel. Die keuse van 'n titel vir laasgenoemde publikasie, "*In U Lig": Die PU vir CHO …*, was in die kol, want dié leuse en afgekorte naam definieer die karakter van die PUK in die bepaalde tydvak en word bowendien deur oud- en nie-Pukke met dié landelike universiteit aan die Mooirivier geassosieer.

Die boek bestaan uit elf hoofstukke. Die titel van Hoofstuk 1, "Verby die wonderdaad …, tot 'n groter toekomsvisie", is 'n slim sinspeling op die titel van Van der Schyff se publikasie. In hierdie hoofstuk word onder meer 'n vooruitskouing van die inhoud van die onderskeie hoofstukke gegee; 'n uitstekende inleiding wat die tafel dek vir wat volg. Hoofstuk 2, "Die ontwikkeling van die universiteitswese – in besonder in Suid-Afrika", lyk aanvanklik oorbodig in 'n publikasie soos hierdie, maar met die verdere lees daarvan, besef 'n mens dat dit in die huidige tydsgewrig 'n uiters belangrike hoofstuk is, want dit bevat 'n deeglike agtergrondskildering waarteen die geskiedenis van die PU vir CHO hom afspeel.

Hoofstuk 3, "Beleid- en bestuurstrukture", was waarskynlik 'n moeilike hoofstuk om te skryf, maar dit is met groot bekwaamheid en objektiwiteit gedoen. Die verhaal van die bestuur van 'n universiteit is normaalweg nie boeiende leesstof nie, maar hierdie hoofstuk is boeiend en die onderskeie rektore van die PUK se bydraes word goed weergegee. Hoofstuk 4, "Ontwikkeling op onderriggebied", is 'n noodsaaklike hoofstuk en is besonder deeglik saamgestel. Veral die onderafdeling oor die rol van die Christelike grondslag in onderrig behoort voor- en teenstanders daarvan te interesseer. Hoofstuk 5, "Navorsing aan die PUK", is 'n besonder leesbare en interessante hoofstuk wat alle aspekte van navorsing aan die PU vir CHO behoorlik belig en in wyer konteks plaas. Talle name van PUK-akademici wat op navorsingsgebied presteer het, getuig van uitnemendheid op hierdie terrein. In Hoofstuk 6, "Personeelontwikkeling", kom die grootte en samestelling van die personeelkorps, personeeldienste, diensvoorwaardes, arbeidsbenaderinge en -verhoudinge, asook personeelorganisasies aan die beurt. Dit is 'n uiters keurige en deeglike hoofstuk waarin interessante brokkies inligting opduik, byvoorbeeld 'n aanhaling uit 'n omsendbrief aan die personeellede van 1968 waarin staan dat "dit van alle dosente verwag word om onder alle omstandighede netjies en met goeie smaak tradisioneel gekleed te gaan" en dat "afwykings in die vorm van safari-pakke, kortbroeke,

sandale, hempsmoue, irriterende rokke, nie aanvaar word nie." Die "irriterende rokke" moes enkele jare later plek maak vir nog ŉ debat – naamlik oor die wenslikheid van langbroekpakke vir vroue. Uiteindelik is dit toegelaat, maar met die vereiste dat die baadjie op ŉ funksionele wyse die nodige bedek. Nou vind ons dit amusant, maar destyds was dit ŉ saak van doodse erns – by alle Afrikaanse universiteite!

Hoofstuk 7, Deel 1, "Studentelewe op die PUK: die Studenteraad en kultuurbedrywighede", en Deel 2, "Studentelewe op die PUK-kampus: sportaktiwiteite en koshuislewe", kan waarskynlik as die kernhoofstukke van hierdie publikasie beskou word, want sonder die Pukke sou daar tog geen PU vir CHO bestaan het nie. In Deel 1 word aan die PUK-studentekorps, die gestruktureerde studentelewe, studenterade en die kultuursentrum aandag gegee, terwyl Deel 2 die sportontwikkeling en koshuislewe in die betrokke tydvak dek. Dit is opvallend hoe baie PUK-studenteraadsvoorsitters later hulle plek in die breë Suid-Afrikaanse samelewing volgestaan het en hoeveel Pukke en oud-Pukke op kultuurgebied en op die sportveld (vergelyk bylae op pp 535-544: "PUK-Springbokke en -presteerders in nasionale spanne 1951-2004") uitgeblink het. Vir oud-Pukke en die gewone leser sal hierdie twee hoofstukke waarskynlik die interessantste en leesbaarste gedeelte van die boek wees, want die skryfstyl is baie goed en die ligte aanslag wat somtyds in hierdie hoofstukke deurskemer, is aangenaam.

Hoofstuk 8, "Ondersteuningsdienste", is ŉ noodsaaklike hoofstuk wat kundig saamgestel is. In Hoofstuk 9, "Terrein- en gebou-ontwikkeling", word op ŉ deeglike en onderhoudende wyse onder meer aan die beplanning, uitbreiding en verfraaiing van die universiteitsterrein en die onderskeie geboue en sportfasiliteite aandag gegee, terwyl in ŉ netjies afgeronde Hoofstuk 10, "Ontstaan en ontwikkeling van die Vaaldriehoekkampus", alle aspekte rakende dié loot van die PUK aangesny is.

Die opwindendste hoofstuk van *In U Lig* is ongetwyfeld Hoofstuk 11, "Die 'Stem van Potchefstroom' in die samelewing". Hierin word ŉ oorsig gegee oor die invloed van die stem van die PU vir CHO op die Suid-Afrikaanse politiek en in akademiese kringe, maar ook in die breë Suid- Afrikaanse gemeenskap. Die "CHO"-gedeelte van die PU vir CHO se naam, word breedvoerig behandel. Die hoofstuk sluit af met ŉ aktuele gedeelte oor die rol van die PUK op internasionale terrein en midde in ŉ veranderende onderrigmilieu. Die boek sluit gepas af met ŉ "Epiloog: Die proses van samesmelting as Noordwes-Universiteit (NWU) sedert Januarie 2004" deur die redakteur, waarin die beheerste

emosionele belewing van en nostalgiese terugblik oor ʼn verbygegane era deurskemer, maar waar daar ook ʼn mate van opgewonde afwagting vir die toekoms van die Universiteit te bespeur is.

*In U Lig* is ryklik geïllustreer met foto's wat met sorg uitgesoek is; trouens, deur bloot na die foto's te kyk en die sinvolle byskrifte te lees, kan reeds ʼn goeie oorsig oor die inhoud van die boek verkry word. Die slim saamgestelde buitebladfoto verdien spesiale vermelding. Die invoeging van eindnotas verdien lof, maar dat slegs ʼn beknopte indekslys saamgestel is, is betreurenswaardig. ʼn Werk soos hierdie handel in ʼn groot mate oor persone wie se name in die indekslys neerslag moes gevind het. Latere navorsers wat inligting oor ʼn spesifieke persoon wat op een of ander wyse aan die PUK verbonde was, soek, sal dié inligting slegs deur ʼn tydrowende soektog kan opspoor.

Samevattend: *In U Lig* is ʼn puik publikasie wat op deeglike navorsing uit gesaghebbende bronne berus en besonder gunstig met soortgelyke Suid-Afrikaanse universiteitsgeskiedenisse vergelyk. Die redakteur en haar medewerkers het op ʼn merkwaardige wyse daarin geslaag om die geskiedenis van die PU vir CHO objektief en in ʼn uiters lesersvriendelike vorm op skrif te stel. Vanweë die unieke plek wat die PUK in die betrokke tydvak in die Suid-Afrikaanse denkwêreld ingeneem het, is hierdie boek nie net vir oud-Pukke van belang nie, maar in die besonder ook vir alle historici, kultuurhistorici, opvoedkundiges, politieke wetenskaplikes en filosowe wat ʼn beter begrip van die geestesklimaat van die tyd wil bekom.

O.J.O. Ferreira
Departement Historiese en Erfenisstudies
Universiteit van Pretoria